

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Maart 2023 Uitgawe 1

Die president kondig 'n ramptoestand af

President Cyril Ramaphosa het 'n nasionale ramptoestand afgekondig – wat onmiddellik in werking tree – as 'n reaksie op die huidige energiekrisis wat Suid-Afrika in die gesig staar.

Eskom sukkel die afgelope paar maande om die ligte aan te hou, wat tot verhoogde vlakke van beurtkrag gelei het en 'n verwoestende impak op lewens, lewensbestaan en besighede het.

Die president het die ramptoestand tydens die staatsrede, wat in die Kaapstadse stadsaal gelewer is, aangekondig.

“In 'n krisistyd het ons 'n enkele bevelspunt en 'n enkele koers van optrede nodig. Net soos ons die oorsaak van die krisis aanpak, moet ons ook die impak daarvan aanpak. Die krisis het geleidelik ontwikkel en raak nou elke deel van die samelewing,” het die president gesê.

Hy het bygevoeg dat die regering moet optree om die uit-



werking van die krisis op boere, kleinsakeondernemings, waterinfrastruktuur en vervoernetwerke, sowel

President Cyril Ramaphosa besig om die Staatsrede te lewer.

as in verskeie ander gebiede en fasiliteite wat burgers se lewens beïnvloed, te verminder.

“Met inagneming van al hierdie kwessies en die krisis wat ons beleef, het die Nasionale Rampbestuursentrum die energiekrisis en die impak daarvan as 'n nasionale ramp geklassifiseer. Ons verklaar dus 'n nasionale ramptoestand om te reageer op die elektrisiteitskrisis en die gevolge daarvan,” het president Ramaphosa gesê.

Hy het beklemtoon dat die verwoestende energietekort wat ons tans beleef, vereis dat die regering met groter dringendheid optree.

“Buitengewone omstandighede vereis buitengewone maatreëls. Die energiekrisis is 'n eksistensiële bedreiging vir ons ekonomie en sosiale

Vervolg op bl. 2



SONA SPECIAL EDITION

SONA IN NUMBERS

LEAVE NO ONE BEHIND

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA
STATE
— of the —
NATION ADDRESS



Om Vuk'uzenzele te lees, laai die GOVAPP af by:



Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Webwerwe: www.gcis.gov.za

E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0303

Tshedimoseiso House:

1053 hv Frances Baard- en Festivalstraat, Hatfield, Pretoria 0083

GRATIS NIE TE KOOP NIE

Vanaf bl. 1

struktuur. Ons moet geen moeite ontsien nie, en ons moet geen vertraging toelaat om hierdie maatreëls in werking te stel nie," het hy gesê.

Hoe dit sal werk

Die president het verduidelik dat die verklaring die regering in staat sal stel om praktiese maatreëls in plek te stel om besighede by te staan wat deur die gevolge van beurtkrag verwoes is.

"Die ramptoestand sal ons in staat stel om praktiese maatreëls te voorsien om besighede in die voedselproduksie-, bergings- en kleinhandelvoorsienings-

ketting te ondersteun, insluitend vir die ontplooiing van kragopwekkers, sonpanele en ononderbroke kragtoevoer," het hy gesê.

Hy het bygevoeg dat waar tegniese moontlik, die ramptoestand die land ook in staat sal stel om kritieke infrastruktuur soos hospitale en watersuiweringsaanlegte van beurtkrag vry te stel.

"Dit sal ons in staat stel om energieprojekte te versnel en regulatoriese vereistes te beperk, terwyl streng omgewingsbeskerming sowel as verkrygingsbeginsels en tegniese standaarde gehandhaaf word," het hy gesê.

President Ramaphosa het die publiek verseker dat uitgawes wat met die ramptoestand verband hou,

noukeurig deur die ouditeur-generaal se kantoor gemonitor sal word om te waak teen die misbruik van enige fondse wat nodig is om die energiekrisis op te los.

Verder word verwag dat 'n minister van elektrisiteit in die presidensie aangestel sal word om uitsluitlik daarop te fokus om die land uit die huidige energiekrisis te lei. "Ek sal 'n minister van elektrisiteit in die presidensie aanstel om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir toesig oor alle aspekte van die reaksie op die elektrisiteitskrisis, insluitend die werk van die Nasionale Energiekrisis Komitee," het die president gesê.

Hy het bygevoeg dat

so 'n minister sy aandag voltyds sal toespits op en saam met die Eskom-direksie en -bestuur sal werk om beurtkrag te beëindig en te verseker dat die Energie-aksieplan onverwyld geïmplementeer word.

Die president het ook gesê die Nasionale Tesourie is besig om 'n oplossing vir Eskom se R400 miljard-skuld te finaliseer op 'n wyse wat billik is teenoor alle belanghebbendes, wat die kragvoorsiener in staat sal stel om die nodige beleggings in onderhoud en transmissie te maak.

"Die regering sal Eskom ondersteun om bykomende befondsing te verkry om diesel vir die res van die boekjaar aan te koop. Dit

behoort die impak van beurtkrag te verminder aangesien Eskom sy dieselaanlegte sal kan gebruik wanneer die stelsel onder druk is," het hy gesê.

Eskom het 'n program van stapel gestuur om oortollige krag van private kragopwekkers te koop en het reeds 300 MW van buurlande verkry.

Die president het bygevoeg dat die Suid-Afrikaanse Polisie diens 'n toegewyde span met senior leierskap gestig het om die aanhoudende korrupsie en diefstal by verskeie kragstasies te hanteer wat tot die swak prestasie van die stasies bygedra het. **U – SAnews.gov.za**

SA beefs up protection for whistleblowers

President Cyril Ramaphosa says government is working on mechanisms to improve protection for those who blow the whistle on corruption.

"We are working to capacitate the Witness Protection Unit and will introduce amendments to the Protected Disclosures Act and Witness Protection Act to strengthen protection for whistleblowers," he said during the State of the Nation Address (SoNA).

President Ramaphosa said work is already underway to improve access to the witness protection programme for public servants who expose maladministration, corrup-



tion and unethical conduct.

"We will finalise the draft Public Procurement Bill to address weaknesses identified by the State Capture

Commission and improve efficiency, value for money and transparency. Our reinvigorated law enforcement agencies are taking firm

action against companies and individuals alleged to have been involved in state capture," President Ramaphosa said.

President Ramaphosa said the National Prosecuting Authority (NPA) Investigating Directorate, established in 2019, has taken 187 accused persons to court in 32 State capture and corruption cases.

"Over R7 billion has so far been returned to the State from State capture cases. To date, R12.9 billion of funds and assets have been frozen. This year, the Investigating Directorate will be established as a permanent entity within the NPA," he said.

These efforts are in line with

the President's appointment of the National Anti-Corruption Advisory Council in August 2022. The Council consists of people from across society who advise on suitable mechanisms to stem corruption, including an overhaul of the institutional architecture for combatting corruption.

President Ramaphosa said for the country to achieve any progress in addressing the urgent challenges it faces, there can be no compromise in building a capable and effective state. **U – SAnews.gov.za**

Did you know?

You can report corruption to the Special Investigating Unit by calling **080 003 7774** or contact the National Anti-Corruption Hotline on **0800 701 701**



government communications

Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production
Regomoditswe Mavimbela
Regomoditswe@gcis.gov.za

Acting Editor-in-Chief
Zanele Mngadi | Zanelemngadi@gcis.gov.za

Managing Editor
Tshepo Nkosi | Tshepon@gcis.gov.za

News Editor
Noluthando Motswai

Writers: More Matshediso

Graphic Designers
Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants
Jauhara Khan | Sebastian Palmer

Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalitse
Thandolunye Khulu | Mahanyele Ramapala



Vuk'uzenzele
is published by Government
Communications (GCIS)

Distributed by:
ON THE DOT

Printed by:
RISING SUN PRINTERS
for laboratory service

The material in this publication may be reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means, including photocopying, recording, or other electronic or mechanical methods, without the prior permission of the publisher on condition that this publication shall be credited as the source.



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES
LEER VAN MADIBA



Ons werk om bekostigbare elektrisiteit te verseker

Die onlangse aankondiging van 'n verhoging in elektrisiteits tariewe kom op 'n uiters moeilike tyd vir landsburgers en besighede, wat reeds 'n stryd voer teen die hoë koste van brandstof, voedsel en ander noodsaaklikhede.

Dit is in hierdie konteks dat ek onlangs 'n beroep op die Eskom-direksie gedoen het om maatreëls te oorweeg wat kan help om die impak van die verhoging van 18,65% vanuit 'n implementeringstydraamwerk te versag.

Die nuwe tarief is deur die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) goedgekeur na aanleiding van 'n voorgeskrewe proses, wat omvattende openbare konsultasie insluit. Dit is belangrik dat ons die onafhanklikheid van NERSA bevestig, sowel as om die behoorlike regsproses in die vasstelling van tariewe te volg.

Tariewe wat die koste van die vervaardiging van elektrisiteit weerspieël, is noodsaaklik vir Eskom se finansiële volhoubaarheid. Dit sorg ook dat die nutsmaatskappy sy skuld kan delg en die kritieke instandhouding onderneem wat nodig is om beurtkrag te beëindig.

Tog is daar min twyfel dat die verhoging in die prys van elektrisiteit in hierdie uitdagende tyd, sal bydra tot die probleme waarmee Suid-Afrikaners te kampe het. Stygende voedsel- en ener-



giepryse regoor die wêreld veroorsaak 'n lewenskostekrisis, en die armes word die swaarste getref. In Suid-Afrika het voedselpryse die afgelope jaar gemiddeld met 12% gestyg.

Dit is die probleem wat ons in die gesig staar: ons moet verseker dat Eskom die hulpbronne het wat nodig is om die elektrisiteitskrisis op te los terwyl ons Suid-Afrikaners teen die gevolge van hoër pryse beskerm.

Daar is ongelukkig nie 'n eenvoudige antwoord vir hierdie probleem nie. Daarom moet alle belanghebbendes, insluitend die regering, Eskom, die sake- en arbeidsektor, sowel as gemeenskappe, saamwerk om 'n baie moeilike balans te skep. Ons moet te alle tye gelei word deur die behoeftes en belange van Suid-Afrikaners, veral die armes, vandag sowel as in die toekoms. Ons moet versigtig wees vir korttermyn-

oplossings waaroor ons in die komende jare spyt mag wees.

As regering sal ons voortgaan om beleide en maatreëls te implementeer om die swaarkry wat deur kwesbare burgers ervaar word, te versag. Sedert die vroegste dae van demokrasie het ons 'n beleid van gratis water en elektrisiteit vir hulpbehoewende huishoudings geïmplementeer. Die gratis basiese elektrisiteitstoelaag, indien dit behoorlik deur munisipaliteite bestuur word, behoort die armste huishoudings te beskerm teen die uitwerking van die tariefverhogings. Ons bly absoluut verbind tot hierdie beleid.

Ander programme om die maatskaplike loon uit te brei, sluit in die verskaffing van gratis primêre gesondheidsorg, die vrystelling van leerders uit arm gesinne om skoolgeld te betaal, 'n skoolvoedingsprogram wat meer

as nege miljoen leerders landwyd ondersteun, en die verskaffing van gratis tersiêre onderwys vir studente uit arm gesinne. Die nulkoers van basiese voedselprodukte vir BTW help ook om armes se lewenskoste te verlaag.

Die nasionale minimum loon, wat in 2019 ingestel is, het die vergoeding van baie werkers verbeter, veral plaaswerkers, huiswerkers en ander kwesbare werkers.

Nog 'n manier waarop die staat die samelewing se mees kwesbare burgers teen buitensporige prysstygings beskerm, is deur die mededingingsbeleid. Tydens die pandemie het die Mededingingskommissie sy magte gebruik om die pryse van COVID-19-toetse te verlaag en verskaffers wat skuldig bevind is aan te hoë pryse vir gesigsmaskers, is beboet.

Die Mededingingskommissie monitor noodsaaklike voedselpryse en het onlangs bevind dat verbruikers "opportunistiese stygings" in die pryse van sonneblomolie in die gesig staar, 'n basiese kookmiddel in miljoene huishoudings.

Al hierdie maatreëls dra by tot 'n belangrike "maatskaplike loon" wat gehelp het om arm huishoudings teen die ergste gevolge van stygende pryse te beskerm. Die regering oorweeg bykomende meganismes om die stygende koste van elektrisiteit die hoof te bied. Dit sluit maatreëls in soos om huishoudings en klein besighede te help om

sonkrag- en energiebesparingstoestelle te installeer, om herlaaibare ligte aan huishoudings te voorsien, en om leerders te help om werk in te haal waar beurtkrag lesse onderbreek. Ons behoort in die komende weke verdere inligting oor hierdie en ander inisiatiewe te kan voorsien.

Terwyl ons saamwerk om die energiekrisis te oorkom, doen ek 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om te betaal vir die elektrisiteit wat hulle gebruik. Ons kan slegs die voorsiening van elektrisiteit en ander basiese dienste verbeter en uitbrei as veral die regering en munisipaliteite die middele het om dit te doen. Nie-betaling en onwettige verbindings maak elektrisiteitsvoorsiening duurder en minder betroubaar.

Die wêreldwye lewenskostekrisis is beskryf as 'n ekonomiese skok wat een keer in 'n generasie voorkom, en dit word vererger deur globale gebeure wat buite ons beheer is.

As regering sal ons voortgaan met ons pogings om die maatskaplike loon uit te brei, net soos ons ons pogings versnel om betroubare en veilige elektrisiteitsvoorsiening te herstel. Ons sal voortgaan om nouer samewerking met alle maatskaplike vennote en openbare entiteite na te streef om volhoubare maniere te vind om Suid-Afrikaanse huishoudings te beskerm teen die ergste gevolge van stygende energie- en ander koste. **U**